## RESENSIES

FOWLER, S. 1985 BIBLICAL STUDIES IN THE GOSPEL AND SOCIETY. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks F: Instituut vir Reformatoriese Studie. F2: Brosjures, no. 34.

Hierdie is die tweede in 'n reeks van nege beplande brosjures van Stuart Fowler deur die IRS gepubliseer. Hierdie publikasie is nie maar bedoel as nog 'n boek wat gelees kan word nie, maar as 'n handleiding by die selfstandige bestudering van die sake waaroor gehandel word. Daar word drie breë onderwerpe in die boek behandel, naamlik die wêreld waarin ons lewe, die Woord van God in die wêreld en die koninkryk van God en die mens se wêreld. Die drie hoofstukke waarin die drie onderwerpe behandel word, vertoon almal dieselfde opset. Elke onderwerp word in 'n aantal temas verdeel, waarop 'n oorsig van die onderwerp volg asook 'n aanduiding van werke wat geraadpleeg kan word. By elke tema word eers 'n doelwit gegee, gevolg deur 'n kort probleemstelling. Hierin word 'n aantal relevante Skrifgedeeltes aangedui en bespreek. Die kern van die gegewens word daarna puntsgewys opgesom. Skrifgedeeltes vir verdere studie word aangedui. Elke tema word dan afgesluit met wenke (onderwerpe, probleme) vir verdere bespreking. Die gevolg van hierdie opset is dat die boek baie geskik is as 'n studiehandleiding, byvoorbeeld vir Bybelstudiegroepe.

In die eerste onderwerp word ten regte baie klem gelê op die skepping as God se goeie skepping, ten spyte van die sonde. In hierdie skepping het die mens 'n besondere plek en 'n besondere roeping, wat alleen in gehoorsaamheid aan God uitgevoer kan word. Hierin is God se Woord normatief. In die tweede onderwerp word baie aandag gegee aan die Woord van God en die gestaltes daarvan. Daar word onderskei tussen die vleesgeworde Woord, die verlossende Skrifwoord en die skeppingswoord as die ordenende beginsel vir God se skepping. Hierdie gedagte van 'n abstrakte Woord van God in verskillende gestaltes skep die indruk van 'n letterlike interpretasie van metaforiese taalgebruik in die Bybel, waardeur verskillende sake as "woord" aangedui word. Jesus

Christus is die vleesgeworde Woord en tog radikaal anders (en bo) die ordeningsbeginsels van die skepping en die Woord waardeur God Hom aan die mens openbaar. In die derde onderwerp word weer ten regte klem gelê op die koninkryk van God.

H. F. VAN ROOY

VAN DER WALT, Jansie. 1985. CALVIN AND HIS TIMES. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks F: Instituut vir Reformatoriese Studie. F2: Brosjures, No. 32.

Die skryfster besit die gawe om lewendig en illustratief haar verhaal te vertel. Hoewel in hierdie boek baie min literatuurverwysings te vinde is, behalwe so nou en dan verwysings na die *Institusie* en Calvyn se kommentare, getuig hierdie biografie van gedeë navorsing.

'n Magdom interessante gegewens uit Calvyn se tyd en uit sy lewe het die skryfster uit haar historiese materiaal opgediep en sy verstaan die kuns om dit op 'n smaaklike manier op te dis.

Dit is besonder boeiend om oor Calvyn se huwelik te lees (hoofstuk 11) en kennis te neem van sy fynsinnige opmerkings oor die vrou (p. 67, 69) en sy gedagtes oor kinders wat in God se verbond opgeneem is, te lees (p. 70).

Allerlei figure met wie Calvyn in aanraking gekom het, word bespreek. Hoofstuk 11 (Bereavement) bring die leser in die alledaagse lewe in aanraking met sy vreugde, humor en smart en treffend teken die skryfster binne hierdie raamwerk verskillende persone rondom Calvyn.

Calvyn se bewondering vir Luther (p. 118) en sy kommer oor die voortgang van die Reformasie in Duitsland na Luther se dood (p. 114) word op 'n aangrypende manier geteken.

Die boek van Jansie van der Walt lees soos 'n historiese roman. Daar lê 'n deeglike bronnenavorsing aan ten grondslag en daarom mag hierdie boek 'n waardige plek inneem in die ry van publikasies oor Calvyn en die Calvinisme wat die IRS reeds laat verskyn het.

Die skryfster het daarin geslaag om die geskiedenis van die Geneefse Reformasie nader aan ons te bring.

Met name vir ons jongmense het ons hier waardevolle lektuur.

Sterk aanbeveel.

L. FLOOR

VAN WYK, J.H. 1985. MAN VAN DIE DERDE WEG; W.J. SNYMAN AS TEOLOOG. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks F: Instituut vir Reformatoriese Studie. F2: Brosjures, no. 35.

Die besluit van die Instituut vir Reformatoriese studies om 'n reeks "Reformatoregalery" van stapel te stuur, moet hartlik verwelkom word. In wye kring tot selfs in die buiteland is met waardering van hierdie reeks kennis geneem.

Die Reformatoregalery sal uitgebrei word tot reformatoriese Christusdenkers uit die vorige eeu en uit hierdie eeu.

In hierdie lig was dit 'n besonder gelukkige besluit van die IRS-Publikasiekomitee om iemand 'n studie te laat skryf oor prof. W.J. Snyman, in lewe hoogleraar aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika en aan die PU vir CHO.

'n Man wat besonder geskik geag moet word om so 'n publikasie te versorg is prof. J.H. van Wyk, van die Hammanskraalse Teologiese Skool. 'n Paar jaar gelede het hy 'n baie interessante studie gepubliseer oor die na-oorlogse teologiese ontwikkeling in die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika (vgl. In die Skriflig, Jaargang 14 nr. 54 Junie 1980, p. 27-50).

Wat van Wyk se boek so boeiend maak, is dat hy enersyds volledig kongeniaal is met die persoon wat hy beskryf, terwyl hy andersyds as wetenskaplike ook weet om afstand te neem en kritiese opmerkings te maak.

Na 'n insiggewende lewensbeskouing (p. 3-8) beskryf van Wyk Snyman se leer van die Kerk (p. 9-35), sy siening op die koninkryk (p. 36-46) en sy beskouing oor die Volk (p. 47-53).

Telkens kom aan die lig hoe prof. Snyman midde in sy tyd gestaan het en op bepaalde punte ook sy tyd vooruit was. Daarom kwalifiseer Van Wyk hom ook baie treffend as "Man voor sy tyd" en "Man van sy tyd" (p. 58). Wie prof. Snyman goed geken het en die voorreg gehad het om sy student te wees, sal erken dat hy iets profeties gehad het.

In sy evaluering van prof. Snyman se siening op Kerk, Koninkryk en Volk lig Van Wyk dit pragtig uit (p. 33,45,52).

Duidelik wys Van Wyk ook enkele leemtes aan in Snyman se teologie soos die onderbeklemtoning van kerklike eenheid op plaaslike gemeentelike vlak (p.34), die onduidelike formulering van die betrokkenheid van die mens in die "opbou" van die Koninkryk (p. 46) of die verontagsaming van die konkrete politieke werklikheid waarmee ons te doen het (p. 54).

Van Wyk se tersaaklike kritiek doen niks af aan sy groot waardering vir een van Suid-Afrika se grootste teoloë wat deur allerweë baie tereg as 'n volksman, 'n kerkman, ja as 'n koninkryksman, aangedien word (p. 59).

Van Wyk se studie is meer as net 'n indringende bespreking van 'n bekende teoloog. Sy boek is ook 'n tydspieël. Die skrywer het daar goed in geslaag om prof. Snyman te teken as 'n teoloog wat midde in sy tyd gestaan het, wat nie net 'n studeerkamergeleerde was nie, maar wie se teologie diensbaar was aan Kerk, Koninkryk en Volk.

Van Wyk se publikasie is 'n mooi eerbetoon aan 'n teoloog van wie se insigte veral vandag met groot vrug kennis van geneem kan word.

Van harte aanbeveel.

L. FLOOR